# OMTRENT HIERDIE VERSLAG

## Ons voortgesette reis na uitnemendheid en impak

'n Reis is veel meer as tydsverloop of beweging van een punt na 'n ander – dit is 'n proses van verandering, van aanpassing, van ontwikkeling en van die maak van 'n verskil soos wat vordering gemaak word op die gekose pad. Dit is iets wat die Noordwes-Universiteit (NWU) goed weet. Sedert die begin van 'n nuwe en opwindende reis, vanaf die samesmelting in 2004 tot die hede, het die NWU volgehoue groei ervaar en ontwikkel in 'n toonaangewende hoëronderwysinstansie wat nie net plaaslik 'n impak het nie, maar ook in Afrika en die res van die wêreld.

Oor die afgelope twee dekades het ons universiteit 'n pad gestap wat gedefinieer word deur die strewe na grootsheid en uitnemendheid. Ons het voortdurend nuwe grense in onderrig-leer en navorsing en innovasie verken, onsself toegewy aan betekenisvolle gemeenskapsbetrokkenheid en ons aanbod verfyn om by die behoeftes van ons studente en belanghebbers te pas. Ons het 'n sterk identiteit gesmee, ons handelsmerk vernuwe, verandering omhels en onsself as 'n gerespekteerde speler in Suid-Afrika se hoëronderwyslandskap geposisioneer.

Deur dit alles heen was ons verbintenis tot kennis, maatskaplike geregtigheid en transformasie die dryfkrag op ons pad vorentoe.

Ons reis is aansienlik versnel deur die Vierde Nywerheidsrevolusie (4NR) wat nuwe geleenthede oopgemaak en maatstawwe verskuif het namate die NWU baanbrekerstegnologieë soos kunsmatige intelligensie, die internet en die sosiale media-revolusie in ons onderwys en navorsing geïntegreer het.

Net soos enige reisiger wat 'n reis na die onbekende aanpak, het die NWU ook onverwagse uitdagings teëgekom, soos die Covid-19-epidemie, skielike ekonomiese verskuiwings en beduidende maatskaplike veranderings. Die veerkragtigheid van ons personeel, studente en ander belanghebbers in moeilike tye het ons in staat gestel om vorentoe te beweeg en die Universiteit as 'n sterk instelling op te bou.

Ons reis getuig ook van die impak van ons werk op ons gemeenskappe. Die NWU se navorsers is voortdurend op soek na maniere om die lewens van ons belanghebbers te verbeter. Ons invloed oorskry grense soos ons oor die Afrika-kontinent en die globale arena reik.

Alhoewel twee dekades intussen verbygegaan het, is ons reis nog lank nie verby nie. Dit is 'n reis met geen einde in sig nie. Die pad vorentoe is vol geleenthede en ons gaan voort in dieselfde gees wat ons tot dusver gedra het – die gees van innovasie, veerkragtigheid en onwrikbare toewyding om 'n verskil te maak.

Ons reis duur voort en so ook ons impak terwyl ons aanhou ontwikkel, aanpas en impak skep.

## Hoe ons storie relevant is vir u

Die storie agter ons voortgesette reis na uitnemendheid en impak is bedoel vir u, ons belanghebbers.

Ons belanghebbers is daardie individue of groepe wat deur ons aktiwiteite en dienste geraak word, en wie se handelinge ook 'n impak kan hê op ons vermoë om ons strategie suksesvol te implementeer en ons doelstellings te verwesenlik.

Die NWU se primêre belanghebbers is ons studente, alumni, Raad, personeel, die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO), eweknieë, samewerkingsvennote, omliggende gemeenskappe en die sakegemeenskap (as toekomstige werkgewers van ons studente).

Ons storie sal ook van waarde wees vir ander belanghebbers soos donateurs, toekomstige studente en ander hoëronderwysinstansies.

## Hoe ons ons storie vertel

Ons storie begin met 'n oorsig van die NWU en verduidelik ons interaksies met ons bedryfsomgewing.

Op die volgende bladsye sal u 'n grafiek van ons besigheidsmodel vind, gevolg deur die risiko's en geleenthede wat ons raak, en hoe ons dit hanteer. In die afdeling oor ons strategie beskryf ons waarheen ons op pad is en hoe ons beoog om daar uit te kom, terwyl die afdeling oor hoe ons m.b.t. ons kapitaalvorme presteer het die storie vertel van wat ons gedoen het om ons strategiese doelwitte te bereik.

## Hoe om ons storie te navigeer

Om die verbande tussen die verskillende afdelings in ons geïntegreerde verslag aan te toon en u ontdekkingsreis te verbeter, gebruik ons verskillende ikone vir ons kapitaalvorme, strategiese doelwitte en instaatstellers.

ONS
# KAPITAALVORME

**Intellektuele kapitaal**
Dit behels ons prosesse, prosedures, beleide, strategieë en kennisgebaseerde ontasbare bates wat voortspruit uit ons onderrig-leer- en navorsings- en innovasieaktiwiteite.

**Mensekapitaal**
Personeel en studente. (interne belanghebbers)

**Maatskaplike en verhoudingskapitaal**
Verhoudinge met eksterne belanghebbers.

**Vervaardigingskapitaal**
Tasbare infrastruktuur en bates.

**Natuurlike kapitaal**
Omgewing/natuurlike hulpbronne.

**Finansiële kapitaal**
Fondse wat ons bekom en spandeer volgens ons begroting.

ONS
# STRATEGIESE DOELWITTE

**Doelwit 1:** Bevorder uitnemende leer en onderrig en herposisioneer die NWU sodat dit die grootte en vorm kan bereik wat deur die markrigtingbesluite vereis word.

**Doelwit 2:** Bou navorsing en innovasie uit met 'n strategiese fokus op globalisering met 'n groot impak.

**Doelwit 3:** Integreer en belyn gemeenskapsbetrokkenheid met onderrig-leer en navorsing om 'n kultuur van aktiewe burgerskap te ontwikkel.

**Doelwit 4:** Ontwikkel 'n duidelik gedifferensieerde studentewaardeproposisie met 'n fokus op die skep van 'n inklusiewe omgewing wat daarop gemik is om studente holisties te ontwikkel deur gestruktureerde en ongestruktureerde ko-kurrikulêre programme wat relevant en wenslik is en aan studente se behoeftes voldoen.

**Doelwit 5:** Lok, ontwikkel en behou uitstekende personeel en skep 'n billike personeelprofiel.

**Doelwit 6:** Ontwikkel en implementeer 'n digitale besigheidstrategie om 'n mededingende voordeel vir die universiteit te skep en uiteindelik alternatiewe geldstrome te ontsluit.

ONS
# INSTAATSTELLERS

**Instaatsteller 1:** Beheer, lei en bestuur op 'n behendige, samewerkende en geïntegreerde wyse na 'n optimaal gedigitaliseerde universiteitsomgewing.

**Instaatsteller 2:** Vestig 'n holistiese en geïntegreerde universiteitstegnologieplatform om 'n stewige grondslag vir 'n digitale toekoms te bied.

**Instaatsteller 3:** Ontwikkel en lewer platforms wat op belanghebbers gefokus is om doelbewuste ervarings en handelsmerk-ekwiteit te skep en te laat groei.

**Instaatsteller 4:** Verseker finansiële volhoubaarheid en optimale prestasie met behoorlike inagneming van makroekonomiese omstandighede en 'n strewe na digitale transformasie.

## Wesenlikheid van die verslaginhoud

Wesenlike aangeleenthede is kwessies wat 'n wesenlike invloed het op 'n organisasie se vermoë om waarde vir homself en sy belanghebbers te skep, volgens die Geïntegreerde Verslagdoeningsraamwerk van die "International Integrated Reporting Council" (IIRC).

Die inhoud vir hierdie geïntegreerde verslag word verskaf deur die lede van die NWU se Universiteitsbestuurskomitee (UBK), tesame met hul direkteure, met inagneming van die wesenlikheidsbeginsel.

Ons geïntegreerde verslagdoeningstaakspan dra ook by tot die identifisering van aangeleenthede met die grootste impak op ons vermoë om waarde te skep. Hierdie span word gelei deur die NWU se registrateur en sluit die adjunk-visekanselier vir beplanning en die hoof strategiese beampte in die kantoor van die visekanselier in.

## Verslagdoeningsraamwerke en riglyndokumente

Ons geïntegreerde verslagdoening word gelei deur die beginsels en vereistes van die Geïntegreerde Verslagdoeningsraamwerk, King IV en die DHOO se verslagdoeningsregulasies.

Ons oorweeg ook dokumente soos die NWU se Jaarlikse Prestasieplan (JPP) wat die Universiteit se strategiese plan in werking stel, sowel as ons risikoregister. Verskeie rolspelers regoor die Universiteit lewer insette vir hierdie dokumente.

Ons verslagdoening word ook deels bepaal deur die sake wat ons belanghebbers tydens hul interaksie met ons opper. Dit word beskryf in die afdeling oor ons interaksie met ons belanghebbers, in die tabel met die opskrif: *Kwessies geopper.*

- Die doelwitte, instaatstellers en strategiese aannames spruit voort uit die proses wat die lede van die Universiteitsbestuurskomitee gevolg het om wesenlike aangeleenthede te identifiseer wat ingesluit moet word wanneer die JPP opgestel of hersien word.
- Ons belangrikste risiko's en geleenthede is die resultaat van 'n instansiewye risiko-ontledingsproses.

### Verslagdoeningskiklus

Jaarliks in Desember

### Kontakpunt vir vrae

marlene.verhoef@nwu.ac.za

### Suite van verslae

Ons geïntegreerde verslag is die primêre instrument vir verslagdoening aan ons belanghebbers. Dit word aangevul deur die volgende:

- finansiële jaarstate vir die jaar eindigende 31 Desember 2024 **https://www.nwu.ac.za/content/nwu-annual-reports**
- dokumente vir veskeie belanghebbers **https://www.nwu.ac.za/content/nwu-our-publications**

### Ons verslagdoeningsraamwerk

Hierdie geïntegreerde verslag is opgestel in ooreenstemking met die IIRC se Internasionale Geïntegreerde Verslagdoeningsraamwerk en die DHOO se Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening deur Hoëronderwysinstansies (wat in Junie 2014 gepubliseer is en beginsels uit die King III-verslag insluit).

## Hoe ons die integriteit van die verslag verseker

Ons gebruik verskeie maatreëls om die integriteit van die finansiële en nie-finansiële inligting in ons geïntegreerde jaarverslag te verseker. Hierdie maatreëls sluit monitering en toesig deur ons bestuur- en korporatiewebestuurstrukture in, sowel as die gebruik van interne oudit en eksterne voorsieners van gerusstelling.

- Ons verkry betroubare studente- en personeeldata van ons Departement Institusionele Beplanning en Strategiese Intelligensie, wat ook verantwoordelik is vir die indiening van NWU-data aan die Hoëronderwysinligtingbestuurstelsel (HEMIS) vir goedkeuring.
- Interne voorsieners van gerusstelling verskaf gerusstelling oor die doeltreffendheid van die interne beheermaatreëls by die NWU. Hul insette word by ons verslag ingesluit.
- Die verslag sluit opgesomde, geouditeerde gekonsolideerde finansiële state in, wat 'n uittreksel is uit die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, opgestel in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), en onafhanklik geouditeer deur ons eksterne ouditeurs, Nexia SAB&T.
- Ons ouditeurs het die inligting in ons prestasiebeoordelingsverslag onafhanklik geouditeer.
- Die finansiële state, met inbegrip van die ouditeurs se verslag, is in Bylae 6.
- Verdere inligting oor gekombineerde gerusstelling kan gevind word in die risiko-afdeling van hierdie verslag.
- Om die akkuraatheid van ons inhoud verder te verseker, lê ons ons geïntegreerde verslag aan verskeie NWU-strukture voor vir hul oorweging en goedkeuring. Hierdie strukture sluit in die Universiteitsbestuurskomitee, die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee (onder andere Raadskomitees), en laastens die NWU-Raad.

## Raadsgoedkeuring

Op advies van sy Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee glo die Raad dat die geïntegreerde verslag alle wesenlike aangeleenthede aanspreek en 'n gebalanseerde siening bied van die NWU se strategie en die organisasie se vermoë om waarde te skep.

Die NWU-Raad bevestig dat:

- die inhoud van die verslag nagegaan is en dat die Raadslede kollektiewelik gewerk het aan die opstel en aanbieding van hierdie dokument.
- die akkuraatheid en volledigheid van die wesenlike aangeleenthede behoorlik oorweeg is, sowel as die betroubaarheid van die inligting wat in die verslag vervat is, en
- hierdie aangeleenthede genoegsaam oorweeg en wesenlik aangebied is in ooreenstemming met die Geïntegreerde Verslagdoeningsraamwerk van die IIRC.

Die Raad se Uitvoerende Komitee het die 2024 Geïntegreerde Jaarverslag op 26 Junie 2025 goedgekeur. (met 'n mandaat van die NWU-Raad op 19 Junie 2025).



**MNR BERT SORGDRAGER**
VOORSITTER VAN DIE RAAD



**MEV RENE KENOSI**
VOORSITTER VAN DIE OUDIT-, RISIKO- EN NAKOMINGSKOMITEE



Meer as **13 500 studente** het teen die einde van 2024 kwalifikasies verwerf.